



NUUSBRIEF VAN DIE HOUTWERKVERENIGING VAN PRETORIA

tambotie

NEWSLETTER OF THE WOODWORKING ASSOCIATION OF PRETORIA

Mei 2001

May 2001

Editorial

Ek sê weer eens dag aan julle almal. Ek vertrou dat ons sommer 'n gawe jaar gaan hê met baie projekte waaraan 'n groot aantal lede sal deelneem.

Dit is vir my baie snaaks om te sien hoeveel moeite die komitee moet maak om ons ouens te kry om aan die bedrywe van die vereniging deel te neem. Elke jaar is dit 'n groot gesukkel om mense te kry wat bereid is om hulle werk vir die uitstalling beskikbaar te stel. Wat sou die rede wees? Daar is tog nie enige druk wat op enigeen geplaas word nie, en dit gaan dan tog maar oor ons stokperdjie/liefde vir hout, en nogtans is die belangstelling maar eina as dit by deelname kom. Ek het my voorgeneem om langs hierdie kanaal 'n groot poging aan te wend om tog groter deelname te probeer bewerkstellig. Op die manier kan ons kry dat almal die vereniging baie meer kan geniet.


Vorige vergadering

Die vorige vergadering was in een van die Onderwykollege se werkwinke gehou. Ek wil namens ons almal vir Theo van Wyk bedank en gelukwens met die bekom van hierdie uitstekende vergaderplek. Ek dink dit is verder ook baie mooi sentraal geleë. (Dit is effens onregverdig dat die plek amper op Andre se stoep is.)

The evening was spent on an excellent demonstration on some of the finer workings of a router. What made it especially interesting was the fact that the demonstration was based on one of the projects for Project Plank. Kobus de Wijn het weer eens getoon dat hy 'n uitstekende demonstreerder is en dat hy homself deeglik voorberei alvorens hy so 'n demonstrasie aanpak. Hy maak dit so maklik lyk dat 'n mens sommer dadelik dink dat jy iets moet doen om ook dieselfde vaardighede te ontwikkel. Ek dink ons almal wat bygewoon het, het weer eens Kobus se aanbieding baie geniet en ons sien uit daarna om die opvolg ook by te woon.

Next Meeting

The next meeting wil once again be held at the College Workshop (See the map below for directions on how to get there.) The theme for the evening will once again be a router demonstration by Kobus. This time he will be demonstrating more advanced techniques, specifically based on the projects for this year. I really think that it may be beneficial for those of us who are not very handy with the router to try and make one of these projects, even if it is only to get some practice on the router. (Kindly bring your own chair)



Ry in by die hek en draai links net na die gebou aan die linkerkant. Volg die pad deur die parkeerterrein en draai regs na die laaste gebou aan die regterkant. Parkeer by die gebou. TECHNIKA SENTRUMS.

Draaiers

By die draaiers gaan dit deesdae sommer baie goed. At se werkinkel het nou al amper ons tuiste geword en ons almal voel sommer huis by die plek. Die projek vir April was 'n uitgeholde voorwerp met 'n bek van 30mm en/of 'n kerie. Ons het sommer heelwat mooi voorbeeld van beide gesien. Tydens die aand het ons ook 'n demonstrasie gehad oor hoe om die volgende projek, nl 'n bord van ongeveer 300 mm in deursnit, aan te pak.

Die volgende draaiersvergadering sal by Jan van Oudtshoorn se werkinkel gehou word. Sy adres is 10de Laan 674, Gezina. Tel 3356040. Jan het belowe dat sy en Lou Coetzer se eeste draaibank dan gereed sal wees. Ons sien werklik uit daarna om te sien hoe die ding gaan lyk en meer belangrik, hoe dit werk.

Woodturning courses

Roger Courtney is running woodturning classes. The course will be running over a period of 3 Saturdays from 08.00 until 13.00. Each student will walk away with a project that he/she turned him-/herself. Roger will supply everything unless you have your own chisels, that will be the only thing you will have to supply. If you do not own your own chisels, that will also be supplied. The cost is R450.00. Contact Roger at:

Work: (012) 8033991.

Home: (012) 8032086.

Cell: 0826310772.

Besoek aan die UP

Botaniese tuin

Op Saterdag 21 April het so 'n klompie van ons die besoek, wat in die vorige Tamboerie geadverteer is mee gemaak. Almal wat bygewoon het was dit eens dat hierdie een van die beter aanbiedings is wat ons tot nog toe gehad het. Lou het ons eerstens deur die tuin geneem, waar daar sowat 250 boomspesies te siene is. Nadat hy amper 2 ure met ons rondgeloop en verduidelik het, het ons almal met nuwe oë na die bome gekyk. Ons is hierna in die laboratoriums deur sy kollega, Dr Veldie van Greuning, voorgelig mbt die anatomie van bome. Ons kon ook sien hoe hierdie mense te werk gaan om hout en bome in die laboratorium uit te ken.

Hierdie aanbieding het weer eens gewys dat 'n suksesvolle aanbieding tog maar afhanglik is van die kennis van die aanbieder en die voorbereiding wat so

'n persoon doen voor sy aanbieding. Dankie nogmaals Lou en Veldie.



Die Studente 21 Apr 01

Spesiale versoek

By ons laaste vergadering was heel party mense weer eens beswaard omdat ons skynbaar altyd meer as een vergadering op 'n keer aan die hou is. Die arme Kobus het sy uiterste bes probeer om sy aanbieding so interessant as moontlik te maak, maar hy moes telkens homself onderbreek, aangesien die "ander vergaderings" se geraasvlakte dit haas onmoontlik gemaak het om voort te gaan met dit wat hy aangebied het. Ek het gewonder of Theo nie dalk kan reël dat ons nog 'n vergaderplek kan kry nie. Indien so 'n ekstra saal beskikbaar sou wees kan die ouens wat dan ander agendas het mos maklik daar hulle eie ding gaan doen. Mense asseblief, kom ons werk saam deur ons aanbieders te laat voel dat dit wat hulle aanbied vir ons belangrik is.. Ons kan dit bereik deur net eenvoudig vir hulle 'n kans te gun om gehoor te word.

Nuwe Lede

Die volgende nuwe lede het hierdie maand aangesluit:

- Dries Joubert
Adres: Danie Theronstraat 145,
Pretoria Noord.
Telefoon: 5656537
Belangstelling: Algemene Houtwerk.
- Robert Dumaan
Adres: Palmietstraat 4
Moreletapark.
Telefoon: 9972779
Belangstelling: Draaiwerk (maak van lamppe).

Ons wil net 'n groot welkom aan hierdie here sê. Ons glo julle sal die vereniging geniet en baat vind by die aanbiedings en vriendskappe wat rondom hout gevorm word.

Projek plank


Toe die komitee, tydens die laaste vergadering, aan ons gemeld het wat Projek Plank hierdie jaar behels, het ek gedink dat hulle nie die werk so mooi verstaan nie. Nadat ek egter goed hieroor nagedink het, het ek besef dat dit eintlik 'n lekker vars benadering is. Daar is nou werkelik 'n wye veld van dinge wat gemaak kan word. Ek glo een en almal van ons kan nou met gemak deelneem. Die enigste beperking wat op ons geplaas is, is ons eie verbeelding. Jy kan letterlik enige iets maak. Kom ons kyk watter blink idees, benewens die planne wat die komitee beskikbaar gestel het, kan hieruit voortvloei.

Medewerkers

Om hierdie nuusbrief saamgestel te kry verg dat 'n mens interessante dinge moet kan oordra. Ek is nie altyd so seker wat die lede verlang nie. Ek het nou die dag by een van die lede gehoor dat hy 'n lymprobleem gehad het en toevallig het die Tambotie daardie maand 'n oplossing vir sy probleem gebied. Ek sal graag wil hoor wat julle van die inhoudelike dink. Verder sal dit sommer baie waardeer word indien daar van julle is wat bydraes kan lewer. Enige iets sal welkom wees (selfs 'n foto van jouself). Indien ek dit kan plaas sal ek dit doen. Wees egter bedag op die feit dat ons maar beperkte ruimte het – sohou dit kort. (Net 'n halflyf foto).

To save a brush

To me it is always 'n problem to clean a brush, or to hold it until I have to add a second coat. I got the tip, illustrated here, from the internet. Put a little bit of turps or thinners in the Wet Ones container and stick the brush handle through the opening in the lid. The brush will hang in the liquid without getting its hairs bent. You can thus wait to clean the brush until you finished the last coat



Masterclass Turning

As was reported in a previous issue, the National Turners Association has succeeded in getting a world known turner, namely Phil Irons, to come to South Africa to give demos and turning classes. He will arrive in South Africa on 14 September. He will then spend time at various turning associations in the Cape and Durban, also visiting the National Congress in East London over the period 21–24 September. He will be arriving in Johannesburg/Pretoria at about 28 September and will be visiting the Johannesburg and Pretoria turners.

Phil has indicated that he will be willing to conduct Master Classes for which the cost will be:

Full day (8 to 5) 1 to 3 pupils;

R600

4 to 6 pupils:

R300

Half day 8 to 1 or 2 to 7: R400 or R200.

Any member interested in attending such classes must please let me know as soon as possible. We need the figures to plan the whole visit. Details will be discussed with the organisers of this tour and final dates, venues etc will be notified as it becomes more clear in the near future.

WINSKOOP- DRAAIBANK

Jan Van Oudtshoorn het mos vir hom 'n nuwe draaibank gebou. Hy het egter nog steeds sy ou draaibank, wat steeds uitstekend werk. Die ou draaibank het 'n .75 kw motor op asook 'n hele aantal bybehore. Enige iemand wat belangstel moet maar vir Jan skakel en onderhandel.

Die telfoonnummer is 335 6040 of selno 0828095110

